Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Redewan Larney**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | 021 467 2337

Lêerno.: 27/P
Verwysing: 20240122-1002

Omsendbrief: 0002/2024
Vervaldatum: 31 Desember 2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om skole te herinner aan die vaslegging van hul handboeke wat aan die einde van die eerste skoolkwartaal uitgereik is en dié wat jaarliks gedurende die laaste skoolkwartaal herwin is, asook die noodsaaklikheid van akkurate rekordhouding.*

**Onderwerp: Die vaslegging van die handboeke wat aan die einde van die eerste skoolkwartaal uitgereik is en dié wat gedurende die laaste skoolkwartaal van elke jaar herwin is, asook die noodsaaklikheid van akkurate rekordhouding en verslagdoening oor die behoud en herwinning van handboeke vir 2024**

1. Die prinsipaal en die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal- (LOOM-) komitee speel 'n belangrike rol in die implementering van die skool se LOOM-beleid en die algehele bestuur van handboeke, werkboeke, literatuurstudie en ander hulpbronne by die skool.

2. Om skole met rekordhouding te help, is die LOOM-funksionaliteit op SOBIS bygewerk om handboeke wat per leerder per graad uitgereik is, vas te lê.

3. Skole sal jaarliks in kennis gestel word van die sperdatums wanneer hulle handboeke, wat uitgereik en herwin moet word, in die skoolbeplanningskalender van daardie spesifieke jaar moet aanbring.

3.1 Skole moet <u>handboeke</u> wat vir 2024 <u>uitgereik</u> is tussen **12 Februarie en 08 Maart 2024** op SOBIS bywerk. Prinsipale moet handboekuitreikingskoerse teen **15 Maart 2024** op SOBIS afteken. Kringbestuurders moet teen **22 Maart 2024** handboekuitreikingskoerse afteken, opmerkings skryf en enige handboektekorte met skole opvolg.

3.2 Skole word daraan herinner dat distrikte die uitreiking van handboeke deur skole vanaf **14 Februarie tot 15 Maart 2024** sal monitor om te verifeer dat elke leerder 'n handboek vir elke vak in elke graad ontvang het.

3.3 Skole moet handboeke wat vir 2024 herwin is tussen **18 November en 06 Desember 2024** op SOBIS bywerk. Prinsipale moet handboekherwinningskoerse teen **12 Desember 2024** op SOBIS afteken. Kringbestuurders moet teen **20 Desember 2024** die herwinningskoerse vir handboeke aanlyn afteken.

4. Om toegang tot die vasleggingskerm op SOBIS te verkry, gaan na:
- die ***"Administration"***-oortjie;
- kies "***Textbook Issued***" in die aftreklys en voltooi dit; of
- kies ***"Textbook Retrieved"*** in die aftreklys en voltooi dit.

5. **Dit is die prinsipaal se verantwoordelikheid om seker te maak dat die rekords wat op SOBIS bygewerk word akkuraat is en deur klaslyste geverifieer kan word wanneer distrikte of eksterne ouditeure LOOM-bestuur by skole monitor.**

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-01-30